| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier | PUNTE-TOTAAL |
|---|---|
| | |

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 'n Addendum van 7 bladsye (i–vii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Beantwoord AL die vrae op die vraestel en handig dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die ruimte wat op die vraestel voorsien is, te skryf.

3. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A: Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B: Opsomming (10 punte)
   Afdeling C: Poësie (30 punte)
   Afdeling D: Taalvaardigheid (30 punte)

4. Beplan al jou vrae deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. ALLE vrae moet in Afrikaans beantwoord word.

6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

7. TWEE blanko bladsye (bladsy 19 en 20) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

**SLEGS VIR EKSAMENGEBRUIK: NASIENER MOET PUNTE INVUL**

| | V1 | V2 | V3 | V4 | V5 | V6 | V7 | V8 | V9 | V10 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Punt | | | | | | | | | | | |
| Nasiener: voorletters | | | | | | | | | | | |
| Gemodereerde punt | | | | | | | | | | | |
| Moderator: voorletters | | | | | | | | | | | |
| Vraag totaal | 11 | 11 | 8 | 10 | 10 | 10 | 10 | 14 | 6 | 10 | |
| Hermerk | | | | | | | | | | | |
| Voorletters | | | | | | | | | | | |
| Kode | | | | | | | | | | | |

IEB Copyright © 2022

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1

**Lees Teks 1 in die Addendum en beantwoord die volgende vrae.**

1.1 Wat word bedoel met vriendskappe buite jou ouderdomsgroep?

___

(1)

1.2 Haal **'n woord** aan wat wys dat Elma Klopper nie meer daagliks werk toe gaan nie.

___

(1)

1.3 Watter **twee** moontlike probleme identifiseer die skrywer in die vriendskap tussen haar en Elma Klopper?

___

___

(2)

1.4 Telana Simpson glo dat vriendskappe met ouer mense voordele het. Noem een van hierdie voordele.

___

(1)

1.5 Hoe kan jonger mense ouer mense volgens dr. Melanie Ross Mills help?

___

(1)

1.6 Noem **een** van die plekke wat die skrywer noem waar jy vriende van verskillende ouderdomme kan ontmoet.

___

(1)

1.7 Vriendskappe buite jou ouderdomsgroep kan tot konflik lei. Gee een **rede** vir die konflik en gee **raad** om dit te vermy.

___

___

___

___

(2)

IEB Copyright © 2022

1.8 **Konflik tussen vriende kom net in intergenerasie-vriendskappe voor.**

1.8.1 Sê of die bostaande stelling WAAR of ONWAAR is.

____________________________________________________________ (1)

1.8.2 Gee 'n bewys uit die teks deur **'n maksimum van vier woorde** aan te haal.

____________________________________________________________ (1)

**[11]**

**VRAAG 2 VISUELE BEGRIP**

**Bestudeer die spotprent, Teks 2 in die Addendum, deeglik en beantwoord die vrae wat volg.**

2.1 Watter visuele aanduiding is daar dat 'n **klank** vanuit die megafoon kom.

____________________________________________________________ (1)

2.2 Wat is die **kleur** van een van die twee medaljes in die man se hand waarskynlik?

____________________________________________________________ (1)

2.3 Waarom het die man met die medaljes in sy hand, **'n sonbril** op?

____________________________________________________________ (1)

2.4 'n Podium wys die posisies van die deelnemers. Gee **twee** visuele aanduidings hoe die podium wys dat Wayde van Niekerk die wenner was.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

2.5 Wat insinueer die spotprent oor die ander atlete in die resies?

____________________________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2022 

2.6 Gee **twee** redes waarom Wayde van Niekerk trots op sy prestasie mag wees.

__________________________________________________________________

__________________________________________________________________

__________________________________________________________________

__________________________________________________________________ (2)

2.7 **Wayde van Niekerk is baie goed in die 300 m.**

2.7.1 Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR?

____________________________________________________________ (1)

2.7.2 Haal **een woord** uit die teks aan om jou antwoord te bewys.

____________________________________________________________ (1)

2.8 Watter kledingstuk dra die man met die medaljes in sy hand, om sy nek?

__________________________________________________________________ (1)

2.9 Noem een visuele element wat aandui dat hierdie gebeure tydens die Olimpiese Spele plaasgevind het.

__________________________________________________________________ (1)

**[12]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 3 ADVERTENSIE

**Bestudeer die advertensie, Teks 3 in die Addendum, deeglik en beantwoord die vrae wat volg.**

3.1 In watter dorp of stad is hierdie werksgeleentheid beskikbaar?

________________________________________________________________ (1)

3.2 Watter **woord** wys dat die atmosfeer by die werk positief is?

________________________________________________________________ (1)

3.3 Watter een van die volgende keuses verwys na iemand wat **ervaring** het?

Skryf slegs die korrekte **letter** neer.

(a) Hulle het 'n baie goeie kwalifikasie behaal.
(b) Hulle het die vermoë om dinge te verstaan.
(c) Hulle het al voorheen dieselfde werk gedoen.
(d) Hulle het die wil om baie hard te werk.

__________ (1)

3.4 **Die maandelikse betaling wat aangebied word is nie baie goed nie.**

3.4.1 Sê of die bostaande stelling WAAR of ONWAAR is.

____________________________________________________________ (1)

3.4.2 Haal **'n woord** uit die teks aan om jou antwoord te bewys.

____________________________________________________________ (1)

3.5 Hoeveel tale moet die aansoeker ten minste kan praat?

________________________________________________________________ (1)

3.6 Watter een van die volgende werkers sal die beste kans staan om die werk te kry volgens die advertensie. **Skryf slegs die persoon se naam neer.**

| | |
|---|---|
| **Jan:** | "Ek is gaaf en baie entoesiasties. Ek het nog nie by 'n spreekkamer gewerk nie, maar ek wil graag probeer." |
| **Maria:** | "Ek sukkel 'n bietjie met tegnologie. Nadat ek die skool in graad 10 verlaat het, het ek by 'n koffiewinkel gewerk. Ek is baie hardwerkend en netjies." |
| **Mtembu:** | "Na matriek het ek verpleegkunde studeer. Ek werk nou al drie jaar by 'n praktyk in Klerksdorp en doen ook die meeste van hulle rekenaarwerk." |
| **Lydia:** | "Ek beplan om in die toekoms Engels te leer en sal hopelik in die volgende paar weke my verpleegkunde-sertifikaat voltooi." |

___________________________________________

(1)
**[7]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2022

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 WENKE/RAAD VIR DIE EKSAMEN

- Lees Teks 4 in die Addendum.
- Som dan die teks in **vyf punte** in jou eie woorde op.
- Noem **twee feite** by elke punt: **'n wenk hoe om te studeer** en **hoe die wenk jou gaan help**. Jy mag **een of twee sinne** by elke punt skryf.
- Begin elke sin met: **Jy moet/moenie ...**
- Nommer elke hoofpunt van 1 tot 5 en laat 'n reël tussen elke punt oop.

**Onthou:**

- Skryf jou woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Jou opsomming mag nie minder as 60 woorde of meer as 80 woorde lank wees nie.
- **Beplan** jou opsomming voor jy dit begin skryf. Trek 'n streep deur jou beplanning.

***Beplanning***

***Opsomming***

**10 punte**

IEB Copyright © 2022

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees Teks 5 in die Addendum, *Staan op!* deur Fanie Viljoen, en beantwoord die vrae wat volg.**

5.1 Die titel *Staan op!* motiveer die leser om twee verskillende dinge te doen.

5.1.1 Wat is die letterlike aksie?

____________________________________________

____________________________________________ (1)

5.1.2 Wat is die figuurlike aksie?

____________________________________________

____________________________________________ (1)

5.2 In hierdie gedig is daar baie versreëls wat oorloop in die volgende versreëls. Wat word hierdie tegniek in poësie genoem?

____________________________________________ (1)

5.3 Sê in jou eie woorde wat dit beteken as iemand jou "spot".

____________________________________________ (1)

5.4 Die digter gebruik 'n *eufemisme* in die gedig.

5.4.1 Haal **die reël** waarin die eufemisme voorkom aan.

____________________________________________ (1)

5.4.2 Waarna verwys die eufemisme eintlik?

____________________________________________ (1)

5.5 Volgens die gedig word mense soms verwerp. Noem een van die redes waarom mense soms verwerp word.

____________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2022

5.6 Die uitroepteken beklemtoon die woorde "Staan op!". Op watter ander manier beklemtoon die digter die woorde, "Staan op!"?

___

(1)

5.7 Watter **een woord** bewys dat die mense gefrustreerd en hartseer is omdat hulle nie hulself kan verander nie?

___

(1)

5.8 Kyk na die vraag aan die einde van die gedig. Wat, dink jy, sal die antwoord wees?

___

(1)
**[10]**

**VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG**

**Lees Teks 6 in die Addendum, *Sondagaande* deur Fanie Viljoen, en beantwoord die vrae wat volg.**

6.1 ***"Sondagaande"*** ontwikkel in die gedig tot 'n metafoor van die spreker se emosies.

6.1.1 Met watter **een woord** sal jy mense se emosies op 'n Sondagaand beskryf?

___

(1)

6.1.2 Wat, dink jy, is rede vir die emosie in Vraag 6.1.1?

___

(1)

6.2 Die spreker sien die voëls as gevaarlik. Watter een van die onderstaande woorde dui dit aan?

*Skryf slegs die woord neer.*

- tuur
- mettertyd
- vensters
- prooi

___

(1)

6.3 Haal **twee opeenvolgende woorde** uit die gedig aan wat aandui dat die spreker se gevoelens erger en slegter word.

___

(1)

IEB Copyright © 2022

6.4 Watter tipe beeldspraak gebruik die digter in reël 1?

___

(1)

6.5 Haal die volgende woorde uit die gedig aan:

6.5.1 Haal **'n woord** uit die gedig aan wat die vorm van die straatligte beskryf.

___

(1)

6.5.2 Haal **'n woord** uit die gedig aan wat wys dat die gebeure nie op 'n plaas afspeel nie.

___

(1)

6.5.3 Haal **'n woord** uit die gedig aan wat dieselfde beteken as "staar".

___

(1)

6.6 **Die roofvoëls besoek die spreker gereeld.**

6.6.1 Is die bostaande stelling WAAR of ONWAAR?

___

(1)

6.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord deur **twee opeenvolgende woorde** uit die gedig aan te haal.

___

(1)
**[10]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Lees Teks 7 in die Addendum, *papegaai* deur Clinton V. du Plessis, en beantwoord die vrae wat volg.**

7.1 Watter tegniek gebruik die digter om die woord "hulle" in reël een te beklemtoon?

______________________________________________________________

(1)

7.2 Hierdie gedig is 'n voorbeeld van vrye vers. Gee twee kenmerke van 'n vrye vers wat in hierdie gedig voorkom.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(2)

7.3 Wanneer sal die papegaai uit die "tronk" kan kom?

______________________________________________________________

(1)

7.4 Haal **'n reël** aan waarin daar alliterasie voorkom en onderstreep die allitererende klanke.

______________________________________________________________

(1)

7.5 Watter **woord** in die gedig kan met die woord "eggo's" verbind word?

______________________________________________________________

(1)

7.6 Haal **'n woord** uit die gedig aan wat wys dat die papegaai se woorde niks beteken nie.

______________________________________________________________

(1)

7.7 Gee **een woord** uit die gedig wat aandui dat die papegaai se lewe **onnatuurlik** is.

______________________________________________________________

(1)

IEB Copyright © 2022

7.8 Die papegaai is nie gelukkig in die hok nie. Waarom, dink jy, is die papegaai nie gelukkig nie?

________________________________________________________ (1)

7.9 Kies uit die onderstaande lys die sin wat die spreker se gevoelens die beste beskryf.

Skryf slegs die korrekte **letter** neer.

(a) Die spreker voel dit is nie reg om die papegaai in die hok aan te hou nie.
(b) Die spreker voel dit is goed om die papegaai in die hok aan te hou.
(c) Die spreker voel dat die papegaai gekies het om in die hok te wees.
(d) Die spreker voel dat hy/sy graag 'n papegaai wil aanhou.

________________ (1)
**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2022 

## AFDELING D TAALVAARDIGHEDE

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Bestudeer die spotprent, Teks 8 in die Addendum, en herskryf die sinne soos aangedui.**

8.1 Die man drink 'n koppie koffie en bestudeer die koerant.

**Vroeër daardie oggend …**

________________________________________________________________ (1)

8.2 Daar is nie rus en vrede in die huis nie.

**Oor 'n week …**

________________________________________________________________ (1)

8.3 Die man se span is die wenners, daarom sal die man baie bly wees.

**As …**

________________________________________________________________ (1)

8.4 Die man en die vrou weet nie wie die belangrike wedstryd sal wen nie.

**Nóg …**

________________________________________________________________ (1)

8.5 Die vrou het gisteraand 'n pragtige rok met haar masjien gemaak.

**'n Pragtige rok …**

________________________________________________________________ (1)

8.6 Die man sê: "My land word so maklik verdeel."

**Die man sê …**

________________________________________________________________ (1)

8.7 Die vrou is baie opgewonde oor die wedstryd. Sy dra haar mussie met trots.

**Die vrou wat …**

________________________________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2022

8.8 Die man moet later die middag hout koop.

**Die man behoort …**

_____________________________________________________ (1)

8.9 Is dit nog lank voordat hulle die wedstryd uitsaai?

**Nee, …**

_____________________________________________________ (1)

8.10 Die paartjie se kinders is gou winkel toe om slaai vir middagete te koop.

**Die paartjie se kinders is gou winkel toe sodat …**

_____________________________________________________ (1)

8.11 Die koerant voorspel die wenner. Die man lees uit die koerant.

**Die koerant waaruit…**

_____________________________________________________ (1)

8.12 Die wedstryd sal die toekoms bepaal. Dit is baie belangrik.

**Aangesien …**

_____________________________________________________ (1)

8.13 Dit is ysig koud. Almal moet warm klere aantrek.

**Dit is ysig koud, dus ...**

_____________________________________________________ (1)

8.14 Sal iemand die span in hierdie wedstryd ondersteun?

**Nee, …**

_____________________________________________________ (1)

**[14]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Bestudeer die spotprent, Teks 9 in die Addendum, waarop die paragraaf gebaseer is. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Gebruik die spasie wat aan die einde van die vraag is.**

'n Man sit in die leunstoel en praat **9.1 (vir/op/met – kies die korrekte voorsetsel)** sy seun oor wat met sy **9.2 (punt – gee die meervoud)** gebeur het. Die seun staan met sy hand in sy **9.3 (*pocket* – gee die Afrikaanse woord)** en maak asof dit slegs 'n klein **9.4 (probleem – gee die verkleining)** is. Vir baie **9.5 (ma's en pa's – gee een woord)** is punte wel belangrik. Die **9.6 (slaap – gee die teenwoordige deelwoord)** hond lyk ook asof hy nie **9.7 (kommer – gee die korrekte vorm)** is nie. Die seun voel dat **9.8 (hulle/hom/sy – kies die korrekte voornaamwoord)** pa nie verstaan dat hy eintlik goed presteer het nie. Hy weet ook nie **9.9 (waarom – gee 'n sinoniem)** dit sy pa so ontstel nie. Hy is seker dat hy **9.10 (baie hard – intensiewe vorm)** vir die eksamen geleer het en daarom is sy punte uitstekend **9.11 (a.g.v. – skryf die afkorting uit)** sy harde werk. Hy glo dat hy die **9.12 (vrug – meervoud)** van sy werk sal pluk.

9.1 ________________________________

9.2 ________________________________

9.3 ________________________________

9.4 ________________________________

9.5 ________________________________

9.6 ________________________________

9.7 ________________________________

9.8 ________________________________

9.9 ________________________________

9.10 ________________________________

9.11 ________________________________

9.12 ________________________________

**[6]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

**Die mense in die prentjie, Teks 10 in die Addendum, is by 'n boekklub. Hulle deel hulle gedagtes met mekaar.**

- Lees die inligting hieronder deur en voer die instruksies wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat. (Moenie aanhalingstekens gebruik nie.)
- Elke respons moet tussen **15 en 20 woorde** lank wees. Onthou om jou woordtelling by elke respons neer te skryf.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.
- Jy mag meer as een sin skryf.

10.1 Vrou A is **opgewonde** om die groep te vertel van die boek wat sy gelees het.

Wat sê sy vir die groep om te wys dat sy **opgewonde** is? Sy gee ook 'n **rede** hoekom sy so positief oor die boek voel.

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

(2)

10.2 Man B is **verras** oor die einde van die boek wat hy gelees het. Hy sê ook **waarom** die einde hom so verras het.

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

(2)

10.3 Man C wil sy vriende **oortuig** om ook die boek te lees wat hy gelees het.

Hoe probeer hy sy vriende **oortuig** en wat gee hy as **die rede** waarom hulle dit moet lees?

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________ (2)

10.4 Vrou D is **teleurgesteld** in die boek wat sy gelees het, want iets in die storie maak nie sin nie.

Wat sê sy vir die groep om te wys dat sy t**eleurgesteld** is en wat in die storie het haar verwar of **maak nie sin nie**?

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________ (2)

10.5 Man E kan nie langer bly nie. Hy is dankbaar dat hy die oggend kon bywoon, maar hy het 'n belangrike afspraak.

Hoe **bedank** hy sy vriende en watter **afspraak** moet hy bywoon?

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________ (2)
**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2022

**BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022